# DIE 1992 ICSID KONGRES

Adrienne Viljoen

**Vyf tendense was duidelik waarneembaar by hierdie jaar se Kongres en Algemene Vergadering van die *International Council of Societies of Industrial Design*, wat in Ljubljana, Slovenië, plaasgevind het.**

Die Ontwerpinstituut van die SABS en die Vereniging van Ontwerpers in Suid-Afrika (SDSA) is reeds sedert die sewentigerjare onderskeidelik volle promosie en professionele lede van die *International Council of Societies of Industrial Design* (ICSID) en het as sodanig stemreg in die Algemene Vergadering.

Die wel en weë van Suid-Afrikaanse verteenwoordiging by hierdie internasionale liggaam volg die pad van die internasionale houding jeens Suid-Afrika die afgelope dekade, ten spyte daarvan dat die amptelike beleid van ICSID geen politisering van aktiwiteite toelaat nie. Dit was byvoorbeeld nie moontlik vir ontwerpers wat Suid-Afrikaanse paspoorthouers is om die vorige konferensie in Japan in 1989 by te woon nie. Gedurende die 1987 konferensie in Amsterdam is Suid-Afrikaanse afgevaardigdes se name van die amptelike teenwoordigheidslys weggelaat. Die Suid- Afrikaanse uitstalling is ook nooit opgestel nie en het onverklaarbaar verdwyn.

Die tema van vanjaar se konferensie was *At the Crossroads.* Dit verwys ten eerste na die geografiese ligging van Slovenië wat tradisioneel op die kruispunt lê tussen Europa en die Midde-Ooste ten opsigte van handelsroetes en kultuurinvloede. Dit neem die verdere betekenis aan, waarna in verskeie referate verwys is, dat die hele wêreld tans in besondere fases van verandering is. Tot 'n mate is dit aan die naderende eeuwending gekoppel, asof 'n nuwe eeu ook nuwe bedelings moet inwy.

Hoofindrukke van die gees van die konferensie en enkele tendense in ontwerpdenke wat onderskei word, is die volgende: Houding jeens Suid-Afrika, Veranderinge, Onewewigtighede, Streeksgroepering en Ontwerp-bevordering, en Spanninge.

## HOUDING JEENS SUID-AFRIKA

As Suid-Afrikaner was die opmerklikste en aangenaamste tendens die verandering in die amptelike houding jeens Suid-Afrika. In die verlede is daar op persoonlike vlak vriendskappe tussen ontwerpers gesluit wat weens amptelike beleid nie tot gesamentlike projekte kon lei nie. Dit is 'n welkome verandering dat die gretigheid om meer eerstehandse inligting oor Suid-Afrika te bekom, gepaard gaan met bereidwilligheid om na wyses van samewerking te kyk, uitruilskemas te vestig en daadwerklike uitnodigings te rig.

Dit is hierdie nuwe openheid wat gelei het tot die uitnodiging aan twee Suid-Afrikaanse ontwerpers om in September aan die jaarlikse Zsennye Ontwerpweek in Hongarye deel te neem. Hulle is dan ook die eerste deelnemers van buite die Europese kontinent.

## VERANDERINGE

Die hoofspreker wat die konferensiegebeure ingelei het, Stefano Marzano, Nywerheidsontwerphoof van Philips, het op besondere filosofiese wyse die trant van denke saamgevat en na 'n nuwe orde verwys. Hy verwys na 'n nuwe dinamieka wat na vore tree in nywerheidsontwerp. Volgens hom is 'n versadigingsvlak deur verbruikers ten opsigte van inligting en verskeidenheid van verbruikersprodukte bereik.

Die klem is besig om te verskuif van kwantiteit en materialistiese waardes na 'sagte' waardes en kwaliteit. Belangrik in die proses is dat 'n produk nie meer 'n doel op sigself is nie, maar die draer van kennis, dienste en emosies. Die onderliggende filosofie is dat die verhouding tussen gebruiker en produk herstel moet word. Produkte speel 'n belangrike rol in die aanmoediging van die gebruiker se selfaktualisering (volgens die Maslow-hiërargie). Daar is groeiende teenkanting teen oorontwerpte en gekompliseerde produkte. Produkte word nou beplan met die oog op langer lewenssiklusse en hergebruik van onderdele. 'n Vervaardigingskultuur moet ontwikkel waarin die

vervaardiger direk of indirek onderneem om produkte aan die einde van 'n lewenssiklus terug te neem vir hergebruik. Deurlopend is 'n besef vir die nodigheid van respek vir en bewaring van die omgewing.

## ONEWEWIGTIGHEDE

Marzano maak die opmerking dat 'n groot deel van die wêreld uit ontwikkelende lande bestaan waar slegs die basiese lewensbehoeftes, soos op die Maslow-skaal, daagliks ter sake is. Hierdie lande groei nog kwantitatief en nie kwalitatief nie. Die onewe verteenwoordiging van lande in die Algemene Vergadering is veelseggend en dit is sekerlik ook beduidend van die mate van ontwerpaktiwiteite in betrokke lande.

Van die 65 teenwoordiges was slegs drie persone van die suidelike halfrond, een elk van Suid-Amerika, Afrika en Australië. 'n *Developing Nations Programme* is in die lewe geroep om beleid en aktiwiteite in vier ontwikkelende streke, waarvan Afrika een is, te ondersteun. Die ander drie streke is Oos-Europa en die Baltiese Streke, Sentraal en Suid-Amerika en Asië en die Indiese Streke.

Tydens gesprekke kry 'n mens egter steeds die gevoel dat die Noordelike lande heeltemal uit 'n Noordelike verwysingsraamwerk na omstandighede kyk, en wanneer ondersteuning ter sake is, die tradisie van paternalistiese betrokkenheid nog hoogty vier. Projekte uit ontwikkelende lande word as interessante oefeninge gesien. Die dringendheid van behoeftes bly agterweë en die omvang daarvan word nie in ag geneem of begryp nie.

## STREEKSGROEPERING EN ONTWERPBEVORDERING

Ten spyte van die 'Global Village' fenomeen, is dit opsigtelik hoe streeksgroepering natuurlikerwys ontwikkel met afsonderlike geleenthede vir samespreking oor gemeenskaplike probleme. Die Pasifiese Rand, waarvan Australië deel is, vorm die vernaamste teenpool van die Europese lande wat hulleself ook in streke organiseer. 'n Vername rede hiervoor is moontlik die soeke na 'n eie ontwerpidentiteit as teenvoeter van die internasionale voorkoms, waar die oorsprong van 'n produk dikwels nie meer in die finale voorkoms daarvan waarneembaar is nie.

Die naderende eenwording van Europa waar die ontwerpvoorkoms van produkte met dieselfde funksie 'n belangrike bemarkingsvoordeel kan wees, maak dit veral waarneembaar. Die totstandkoming van al hoe meer ontwerpbevorderingsentra in Europa en die Ooste, hou ook verband met die beklemtoning van eie identiteit om mark- en handelsvoordeel te help bewerkstellig.

## SPANNINGE

Veranderinge bring onsekerheid en spanning mee. Die voorstel van Japan dat 'n Wêreld-Ontwerpraad wat in Nagoya gesetel sal wees, tot stand moet kom, is versigtig benader. Die fyn balans tussen eie belange, streeksbelange en Oos-Wes verhoudinge, was miskien meer opsigtelik vir diegene wat nie deel daarvan is nie.

'n Verdere spanningspunt is die ondertoon dat ontwerpers 'n groter rol en verantwoordelikheid moet dra ten opsigte van omgewingsbewaring. Die skuldgevoel dat meer gedoen moet word vir ontwikkelende lande wek ook spanning. Elke groep sien eerste om na eie belange te midde van veranderende en onseker omstandighede waarvan almal in mindere of meerdere mate melding maak. Hierdie feit is onderstreep deur die wete dat 'n bloedige oorlog slegs driehonderd kilometer weg in Sarajevo onderweg was.

## SLOTINDRUKKE

Twee slotindrukke bly helder. Die eerste is dat ten spyte van agteruitgang in die Oos-Europese lande die afgelope dekades, hulle bevoordeel word deur omring te wees van 'n ryk erfenis van uitstekende ontwerp, argitektuur en artefakte. Ook is daar duidelike tekens van 'n bevolking met 'n homogeen hoë opvoedingspeil. Daarteenoor staan Suid-Afrika, wat ten spyte van 'n gebrek aan so 'n kultuurerfenis en opvoedingspeil, 'n unieke posisie beklee wat deur geen ander Eerste Wêreld land vervul kan word nie. Op die vasteland van Afrika het Suid-Afrika 'n besondere rol te speel ten opsigte van produkontwerp, ontwerpopleiding en ontwerpbevordering vir ontwikkelende gebiede in Afrika.